

**24 September**

**Genesis 12: 10-20**

**(Teks: 12:17 en 18a) Die mens verwoes. God herstel**

As dinge in ons lewe vlot, is dit gewoonlik ons sterk geloof. As dinge haak, is ons opgeskeep met ons godsdiens. Twee maal twee in die boodskap:

- 1 a sien jou sonde raak  
b want die gevolge is verwoestend
- 2 a God se regverdigheid is verstommend  
b om ons ook skaam oor onself te maak

1. Die Bybel idealiseer nie persone nie, maar vertel ons ook van die swakheid van die "geloofshelde". Abram is van nature 'n selfgerigte mens. Gods Woord word nie maklik aanvaar nie.

God beloof aan Abram: Ek sal jou 'n groot nasie maak. Ek sal jou seën... en jy moet tot seën wees.

Toe kom die hongersnood. Abram tref self voorsorgmaatreëls. Hy gaan na Egipte. Maar daar word voorsorgmaatreëls noodmaatreëls: Sarai moet die leuen vertel dat sy Abram se suster is.

Selfgerigtheid ter wille van oorlewing. Hy laat God buite rekening. In menslike berekeninge klop God nie in die somme nie. Kyk na jouself. Van baie somme is God nie deel.

Geweldige konsekwensies! Op die korttermyn lyk dit of ek reg besluit is. Abram kry groot skatte van die farao. Maar dan tref die on-geluk farao se huis met geweld. "Wat het jy my aangedoen?"

Die ironie van selfgerigte diens: Abram moet tot seen vir die volke wees. Hy word 'n pes, 'n vloek, 'n gevaar. Sonde se gevolge tref gewoonlik ander mense. Die verskrikking van sonde is die "on-regverdige" konsekwensies: die geweld tref baie keer die onskuldige.

2. Maar dan die verstommende van God se regverdigheid. Dat God die farao tref, terwyl Abram die sondaar is. Laat ons nie regter speel nie, maar die skaduwee sien. Ons verlossing het gekom dat 'n Persoon, Jesus Christus, eintlik "wederregtelik" veroordeel is.

Sonder sonde, onbesmet, moes Hy vir ons sonde betaal.

Verstommend! Gods genade en regverdigheid. Dat ons ophou met die wegredeneer van sonde of die goedpraat daarvan. Stom van skaamte, sodat een woord sal klink: die evangelie van Jesus Christus.

Sing Psalm 71:5  
(Bloemfontein-Suidheuwels)

Ds.

C.A.

Jansen